DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – NOVEMBER 2009

Sondag 1 November 2009

Sake van die hart: Stel jou hart in om op God te vertrou

Toe Gabriël vir Daniël in Babilon besoek het, het hy vir hom gesê: *Moenie bang wees nie, Daniël, want van die eerste oomblik af dat jy jou ingespan het om insig te kry en jou voor jou God verootmoedig het, is jou gebede verhoor. Ek het gekom in antwoord op jou gebede.* (**Dan.10:12**). Net soos Daniël wil ons almal sien dat groot en Goddelike dinge in ons land sal gebeur en ook dat mense na God sal terugkeer. Dit lyk soms onmoontlik dat net een persoon 'n groot verskil kan maak. Wanneer ons na langdurige en volgehoue gebed nie 'n duidelike antwoord van God kry nie, word ons soms beangs en wonder of die Here ons nie gehoor het nie en of Hy ons nie meer wil help nie omdat ons sondes so groot is. Die Here wil ons vandag bemoedig, as ons bereid is om ons hart op Hom te rig om insig van Hom te verkry en om ons voor Hom te verootmoedig; dan sal Hy ons hoor, en wel van die eerste oomblik af dat ons dit doen. Moenie mismoedig raak oor Suid-Afrika nie. Die Here was nog altyd 'n God wat die gebede verhoor van die wat aan Hom getrou is en Hy sal aanhou om dit te doen.

Vader, vergewe my vir die kere dat ek moed verloor en beangs geword het wanneer ek nie vinnig 'n duidelike antwoord van U gekry het nie. Ek buig myself vandag weer voor U neer en roep U aan ter wille van ons land en ons mense. Ons het almal voor U gesondig. Stort U Gees oor ons uit, en openbaar Uself aan ons. Help ons om in die lig van U heiligheid U insig oor ons sondes te verkry.

Gebedsfokus op die nasies: *ETHNE09*

ETHNE09 is die wêreldwye byeenkoms van die *Ethne*-beweging en vind in die eerste week van November in Colombia plaas. *Ethne* fokus in gebed op die bereiking van die mins-bereikte bevolkingsgroepe op aarde. Bid asseblief vir hierdie belangrike tyd waarin die werk van Here onder die oorblywende mins-bereikte bevolkingsgroepe bespreek word en God vir deurbrake geëer word. Die mins-bereiktes is groepe van alle groottes met minder as 2% evangeliese Gelowiges en minder as 5% volgelinge van enige vorm van die Christendom. Daar sal bepaal word hoeveel vordering gemaak is en besin word oor hoe om die groei van die getal Christene onder hierdie meer as 6 000 bevolkingsgroepe te versnel. (*Ethne* Prayer Updates, Webruimte: www.ethne.net of e-pos: ethne06-prayer@strategicnetwork.org).

Maandag 2 November 2009

Gebedsfokus op redding: Graad 12's

Graad 12-leerders het op 26 Oktober met die Nasionale Seniorsertifikaateksamen begin en die laaste vraestelle word op 4 Desember geskryf.
(Webruimte: http://www.artschool.co.za/NSC%20FINAL%20Table%20Nov%202009.pdf). Onthou om vir hulle in te tree, dat hulle op hulle studies sal fokus en hulle laaste vraestelle met dieselfde ywer sal afhandel as die eerstes. Bid dat hulle daarvan bewaar sal word om moedeloos te raak, selfmoord te probeer pleeg of in die eksamens te kul.

Wêreldvervolgingslys: Gebedsfokus op die *Vervolgde Kerk*

Meer as 200 miljoen Christene staar elke dag vervolging in die gesig. Hiervan is 60% kinders. Oor die volgende 30 dae sal ons in gebed fokus op die tien vernaamste lande waar Christene vervolg word, asook lande waar die situasie met betrekking tot vervolging verbeter het en ander lande waar dit versleg het. Die inligting is verkry uit *Geopende Deure* se World Watch List (WWL), wat saamgestel is uit 'n spesiaal ontwerpte vraelys met 50 vrae wat verskillende aspekte van godsdiensvryheid dek en waaraan punte toegeken word. Die totale getal punte per land bepaal sy posisie op die WWL. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Moedig asseblief u vriende, familie en lede van u gemeente en selgroep aan om hierdie maand elke week tyd opsy te sit om vir vervolgde Christene in die wêreld te bid.

Dinsdag 3 November 2009

Gebedsfokus op die jeug: Waarom kinders dwelms gebruik

Kinders beweer hulle gebruik dwelms omdat hulle verveeld is, dit hulle laat goed voel, hulle hulle probleme kan vergeet en kan ontspan, hulle volwasse voel, hulle onafhanklikheid bewys, lid is van 'n spesifieke groep en dit *cool* is, of omdat hulle deur hulle ouers verwaarloos word. As ouers dit weet, kan hulle beter toegerus wees om in hulle kinders se behoeftes te voorsien. As kinders aangemoedig word om by gesonde, opbouende aktiwiteite betrokke te raak, soos bv. sport, musieklesse, gemeenskapsdiensprojekte, ensovoorts kan dit hulle aktief en geïnteresseerd hou terwyl dit hulle selfvertroue opbou en ook hulle sosiale vaardighede ontwikkel. (Webruimte: http://www.yic.gov/drugfree/whykiduse.html). Bid hiervoor, ook vir ouers om meer betrokke te raak by hulle kinders se lewens. Bid dat ouers sal verstaan dat hulle kinders deur God aan hulle toevertrou is en dat kinders hulle kosbaarste besitting is.

Eerste op die Wêreldvervolgingslys 2009: Noord-Korea

Noord-Korea is vir die sewende agtereenvolgende jaar boaan die Wêreldvervolgingslys. Die aantal mense wat tot strafkampe gevonnis of in tronke opgesluit is, het sedert verlede jaar toegeneem. Noord-Korea maak sy deure toe en Christene word aanhoudend vervolg. Hulle ly ontsettend omdat hulle verbied word om as Christene in dié land te leef. Daar bestaan geen godsdiensvryheid nie. Die grondwet is stewig op die Juche-ideologie gebaseer. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org.) Bid vir die Christene in Noord-Korea, dat hulle aan Christus getrou sal bly en dat hulle getuienis baie harte sal aanraak nieteenstaande die beperkings.

Woensdag 4 November 2009

Gebedsfokus op kinders: Aantal weggooi kinders neem toe

Volgens *Kinderwelsyn SA,* is 291 kinders gedurende die 2008/09 finansiële jaar weggegooi of verlaat, in vergelyking met die 162 van die vorige boekjaar. Daar bestaan verskillende redes hiervoor: tienerswangerskap, huisvesting, alkohol- en dwelmmisbruik, asook fisiese en seksuele misbruik. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=125&art_id=vn20090408105929187C161457). Bid vir weggooi-kinders en ook dat meer tehuise waar hulle versorg kan word, opgerig sal word. Bid dat die Here sal ingryp wanneer hulle in obskure plekke vir dood agtergelaat word, sodat hulle ook die geleentheid sal hê om te kan lewe en so Sy Naam kan eer.

Tweede op die Wêreldvervolgingslys 2009: Saoedi-Arabië

In Saoedi-Arabië, wat volgens die Sjaria-wette regeer word, het die betreurenswaardige toestand van godsdiensvryheid in 2008 oor die algemeen onveranderd gebly. Bekering tot 'n ander geloof vanuit die Moslemgeloof is strafbaar met die dood indien die aangeklaagde nie bereid is om sy Christenskap af te sweer nie. Vir Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond is dit ook 'n groot risiko dat hulle ter wille van hulle familie se eer om die lewe gebring kan word indien hulle familie of gemeenskap daarvan uitvind. Nie-Moslems wat aan Christelike bedrywighede deelneem, stel hulle bloot aan arrestasie, tronkstraf, aanranding, deportasie en soms marteling. Meer berigte as in die vorige jaar is van Christene ontvang wat gearresteer is as gevolg van hulle godsdienstige aktiwiteite. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir geestelike groei by Gelowiges en dat hulle standvastig sal bly in hulle navolging van Christus. Bid vir geleenthede om die evangelie te verkondig nieteenstaande vervolging.

Donderdag 5 November 2009

Gebedsfokus op gesondheid: Agteruitgang van gesondheidsorgdienste

Die gehalte van gesondheidsorgdienste in Suid-Afrika is besig om te verswak. Die tekort aan professionele gesondheidspersoneel, onvoldoende beddegoed, ontevrede werkers, vol wagkamers wat bedien moet word en swak diens is van die probleme. Daar is 'n groeiende gebrek aan toewyding by professionele gesondheidspersoneel, veral verpleegsters, wat van die belangrikste rolspelers in gesondheidsorg is. Swak betaling en moeilike werksure kan hier 'n rol speel (Webruimte: http://www.health-e.org.za/news/article.php?uid=20032173&PHPSESSID=8f63e05a1). Bid hieroor en vra vir meer jongmense wat bereid is om hulle lewens aan gesondheidsorg toe te wy sodat bestaande werkers se las verlig sal word. Bid vir alle gesondheidsorgpersoneel, vir deursettingsvermoë om met die werk voort te gaan.

Derde op die Wêreldvervolgingslys 2009: Iran
Meer as 50 Christene is vanjaar reeds vir hulle geloof in die land in hegtenis geneem. 'n Christenpaar is dood as gevolg van beserings wat hulle tydens ondervraging deur regeringsamptenare opgedoen het. Alhoewel Christene as 'n godsdienstige minderheidsgroep erken word, geniet hulle nie die voordele daarvan nie. Enige Moslem wat Islam prysgee ter wille van 'n ander geloof, kan die doodstraf kry. In September 2008 het die Irannese parlement ook aansoek gedoen dat die Strafreg aangepas moet word, sodat die doodstraf die enigste straf vir afvalligheid van Islam sal wees. Baie kerkdienste word deur die geheime polisie gemonitor. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid dat Moslembekeerlinge veilig versteek sal wees en in staat sal wees om voort te gaan om vir Christus te getuig. Bid dat hulle die geloofskrag sal hê om Christus nie te verloën nie.

Vrydag 6 November 2009
Gebedsfokus op rentmeesterskap: Son-energie
Met 'n gemiddeld van meer as 2 500 uur sonskyn per jaar, het Suid-Afrika die perfekte klimaat vir die produksie van son-energie. Suid-Afrika se sonliguitstraling is twee keer dié van Europa en van die hoogste ter wêreld en is die toeganklikste tipe energie wat beskikbaar is. Hierdie reuse-energiebron kan op baie moontlike maniere aangewend word en die land se bedryf om toerusting vir die benutting van son-energie te vervaardig, is besig om te groei. (Webruimte: http://www.totalsolarenergy.co.uk/south-africa-solar-energy.html). Bid vir wysheid vir die Suid-Afrikaanse maatskappye, dat hulle suksesvol in die praktiese aanwending van hierdie energiebron sal wees, en ook vir die uitbreiding van uitvoermoontlikhede. Bid dat baie mense werksgeleenthede in hierdie bedryf sal vind.

Vierde op die Wêreldvervolgingslys 2009: Afghanistan
Druk deur die Taliban-beweging het sedert 2008 toegeneem. Islam is die "godsdiens van die staat". Christene het geen regte nie en regeringsamptenare is vyandig teenoor hulle. 'n Christen noodlenigingswerker is in die hoofstad, Kaboel, doodgemaak omdat sy volgens die Taliban die Christelike godsdiens versprei het. Ten spyte hiervan is die Afghaanse kerke besig om in alle vlakke van die samelewing te groei. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir die veiligheid van noodlenigingswerkers en Afghaanse Gelowiges sodat hulle kan voortgaan met hulle werk en om getuienis te lewer. Dank die Here vir 'n groeiende Kerk.

Deurbraak: Aborsie nou 'n misdaad in die Dominikaanse Republiek

In reaksie op onlangse pogings deur internasionale pro-aborsiegroepe wat probeer het om aborsie in die Dominikaanse Republiek te wettig, het wetgewers die reg op lewe vir mense voor geboorte voorbehou deur die herskryf van die grondwet van die Dominikaanse republiek met die woorde: "die reg van lewe is onaantasbaar vanaf bevrugting tot die dood". 167 stemme teenoor 27 het gekies vir die behoud van lewe. Dit was 'n groot oorwinning vir die wat hulle beywer vir die beskerming van menselewens. (Webruimte: http://www.personhoodusa.com/content/abortion-permanently-crime-dominican-republic-pro-life-victory-comes-vote-167-32). Kyk na die artikel oor Wêreldwye aborsie tendense in die vorige uitgawe van die *Jerigo Mure Gebedsgids.*

Saterdag 7 November 2009
Gebedsfokus op werkverskaffing: *Coal of Africa*-projek om 14 000 werksgeleenthede te skep
Coal of Africa beplan om R3 miljard in sy Vele-steenkoolmynprojek in Limpopo te belê. Die belegging, wat gegrond is op eksterne, makro-ekonomiese navorsing en die myn se maksimum produksiepotensiaal van vyf miljoen metrieke ton per jaar van kookssteenkool, kan ongeveer 14 000 direkte en indirekte werksgeleenthede in die konstruksiefase skep. Ongeveer 30 000 direkte en indirekte werksgeleenthede kan in die operasionele fase geskep word. (Webruimte: http://www.busrep.co.za/index.php?from=rss_&fArticleId=4940060). Dank die Here vir die beantwoording van gebede vir werkskepping soos hierdie. Bid asseblief dat hierdie projek suksesvol sal wees, dat omgewingsfaktore behoorlik in aanmerking geneem sal word en dat die werkers getrou sal wees in die uitvoering van hulle pligte.

Lande waarin vervolging toegeneem het: Indië
Hindoe-ekstremiste het heftig gereageer op die moord op een van hulle leiers op 23 Augustus 2008 in Orissa. In 'n vloedgolf van geweld wat weke lank aangehou het, is 150 Gelowiges doodgemaak, meer as 170 kerke en

4 500 huise van Christene vernietig en meer as 54 000 mense is ontwortel (meer as 10 000 Christene bly steeds in vlugtelingkampe). In die res van Indië het die aantal gevalle van arrestasie, fisiese teistering, ontvoering en aanvalle op kerke, steeds hoog gebly. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Hou aan om vir die Christene in Indië te bid sodat hulle sal voortgaan met die evangelisering van hulle landgenote ten spyte van die opstande. Bid dat die Kerk sal aanhou groei.

Sondag 8 November 2009

Sake van die hart: Volhard om die Bose te vermy

Joel 2:12 *Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! Skeur julle harte, nie julle klere nie*. In hierdie gedeelte praat die Here (met verwysing na die laaste dae) met sy mense om terug te keer na Hom. Dit beteken letterlik dat hulle moet wegdraai van hulle goddelose weë. Ook dat hulle met hulle hele hart na Hom moet kom en in elke omstandigheid, indien nodig, moet vas, ween en treur oor die dinge wat hindernisse tussen hulle en God veroorsaak. Dit is steeds Sy boodskap aan ons vandag. As daar iets is wat jou verhouding met God vertroebel, keer met jou hele hart terug na Hom. Vas en bid en roep Hom aan oor daardie saak en Hy sal die oorwinning gee en die verhouding tussen jou en Hom heelmaak.

Vader, vergewe my dat ek bang is dat U my nie sal aanvaar as ek na U toe kom met alles in my hart wat ek weet skeiding tussen my en U bring nie. Vandag wil ek verklaar dat ek U vertrou. Ek begeer dat my verhouding met U volkome herstel sal word en dat alle struikelblokke uit my lewe verwyder sal word. Versterk my dat ek kan volhard in gebed en vas, en met trane van my hart tot U kan bid totdat die deurbraak kom.

Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk (IDOP)

Die *IDOP (International Day of Prayer for the Persecuted Church)* word elke jaar op die tweede Sondag van November gedenk. Dit is ons verantwoordelikheid as medegelowiges om vir ons broers en susters te bid wat vervolging in die gesig staar. Laat ons bid vir hulle veiligheid vir hulle standvastigheid in die geloof, gewilligheid om te getuig en dat wetgewing dit vir Christengesinne moontlik sal maak om hulle geloof ongehinderd in die daaglikse praktyk uit te leef. Bid vir die honderdduisende gesinne wat 'n vader, moeder of kind in die afgelope dekade weens vervolging verloor het. Daar is baie ontwrigting, verwarring, lyding, vrees en onbeantwoorde vrae. Huil saam met dié wat huil, toon medelye met dié wat swaarkry en bid dat die Here hulle krag sal gee en hulle sal beskerm. (Webruimte: http://www.idop.org/).

Maandag 9 November 2009

Gebedsfokus op gesondheid: Sentraal-Amerikaanse kongres oor MIV/VIGS en seksueel oordraagbare siektes (*CONCASIDA*)

Die *CONCASIDA* vind twee-jaarliks in 'n Sentraal-Amerikaanse land plaas vir die bekendstelling van navorsingsresultate en navorsingsalternatiewe vir effektiewer maniere om teen die MIV/VIGS pandemie op te tree.
(Webruimte: http://www.unaids.org/en/KnowledgeCentre/Resources/Calendar/20090120_MajorEvents2009.asp).
Bid vir hierdie byeenkoms wat vanaf 9-14 November 2009 in San José, Costa Rica, gehou word. Bid dat die Christene wat dit bywoon, God se wysheid op so 'n oortuigende manier sal oordra dat die werklike en enigste oplossing vir die probleem aanvaar sal word.

Vyfde op die Wêreldvervolgingslys 2009: Somalië

Gedurende 2008 het Islamitiese rebelle die beheer oor Suid-Sentraal-Somalië herwin. Die gevegte tussen die Somaliese Islamitiese burgermagte en Ethiopiese magte het volgens berigte gelei tot 'n toename in vyandigheid teenoor Christene in verskeie dele van dié oorloggeteisterde Oos-Afrikaland. Vier Christenonderwysers, twee van hulle bekeerlinge uit Islam, is in Suid-Sentraal-Somalië vermoor. 'n Baie klein minderheid van etniese Somaliërs is Christene. Hulle beoefen hul geloof in die geheim en leef onder uiters gevaarlike omstandighede. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid in die besonder vir bekeerlinge vanuit Islam, dat hulle geestelik sal groei en getrou sal bly in hulle getuienis vir Christus. Bid dat die boodskap van Christus se liefde steeds sal versprei.

Dinsdag 10 November 2009

Gebedsfokus: *South-East Asia Prayer Consultation (SEAPC)*

Bid vir die afgevaardigdes na die *SEAPC* (konsultasie gehou vanaf 10 tot 13 November 2009 in Bangkok, Thailand), waar verteenwoordigers van elke land sal praat oor dit wat die Here in hulle land doen en die vernaamste uitdagings waarvoor hulle tans staan. Die program eindig op 15 November, Thailand se *Nasionale Dag van Gebed.* (Webruimte: http://transform-world.net/newsletters/2008/08/SEAPC08.pdf of e-pos: lena@silkiss.biz). Dank die Here vir insig en wysheid wat hier verkry word oor hoe om vir hierdie lande te bid. Bid spesifiek dat deurbrake in huidige probleemareas spoedig in elke land van die wêreld sal kom sodat die evangelie sy snelle loop kan neem.

Sesde op die Wêreldvervolgingslys 2009: Maledive

Dit is verbode vir buitelanders om vir kerkbyeenkomste bymekaar te kom, en buitelanders mag ook nie landsburgers aanmoedig om aan so 'n diens deel te neem nie. Die Bybel en ander Christelike materiaal (literatuur, DVD's, ens.) mag ook nie ingevoer word nie, behalwe een kopie vir persoonlike gebruik. Die Maledive bly een van die mins-geëvangeliseerde lande ter wêreld met slegs enkele inheemse Gelowiges. Daar was feitlik geen verbetering m.b.t. godsdiensvryheid in 2008 nie, nieteenstaande die nuwe grondwet en die nuutverkose President, mnr. Nasheed. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir 'n deurbraak vir die evangelie na die inheemse bevolking, veral op die kleiner afgeleë eilande.

Woensdag 11 November 2009

Gebedsfokus op prostitusie: Sekswerk en die toename in verwante misdaad

Die polisie verbind sekswerk in Kaapstad met 'n toename in ander misdade. 'n Hof-interdik wat die polisie verbied om sekswerkers te arresteer, is toegestaan omdat die *Nasionale Vervolgingsgesag* konsekwent nalaat om hulle te vervolg. Die opdrag het gevolg op bewerings deur sekswerkers dat die polisie hulle slegs arresteer om hulle te teister en te intimideer. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=nw20090421130828401C865670). Laat ons ernstig oor hierdie saak bid en God vra om hierdie situasie om te draai sodat verantwoordelike besluite i.v.m. wetgewing hieroor geneem kan word, veral voor die *Sokkerwêreldbeker* toernooi in 2010.

Sewende op die Wêreldvervolgingslys 2009: Jemen

Die regering van Jemen laat buitelanders 'n mate van vryheid toe om hulle geloof te beoefen, maar Jemense burgers word nie toegelaat om hulle tot die Christelike geloof (of enige ander godsdiens) te bekeer nie. Bekeerlinge uit Islam kan die doodsvonnis opgelê word as hulle nuwe geloof bekend word. Gedurende die afgelope jaar is 'n hele aantal Christen-bekeerlinge in hegtenis geneem, fisies aangerand en oor hulle geloof gedreig. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid dat nuwe Gelowiges sal kan ontvlug van enigeen wat hulle wil doodmaak. Bid dat elkeen van hulle hul eie eksemplaar van die Bybel sal bekom en ook geestelik sal groei.

Jongmense wat bid: 'dating', reg of verkeerd?

Vir alle jongmense is "dating" belangrik. Ons soek dringend na die persoon met wie ons wil trou. Selfs hulle wat sommer net in verhoudings wil staan, die lewe wil "geniet" en die indruk skep dat hulle nie wil trou nie, se diepste behoefte is steeds om 'n lewensmaat te hê, iemand wat hy/sy kan vertrou en wat aan hom/haar getrou sal wees. Hoe moet ek as jongmens hieroor dink en bid?

- Dit is jou voorreg en verantwoordelikheid om vir jou toekomstige huweliksmaat te bid. Vra die Here om vir jou die regte persoon te bring. Moenie moedeloos word as hy/sy nie binne die eerste week sy/haar verskyning maak nie. Hou aan om gereeld daaroor te bid. Bo en behalwe jou bekering, is jou keuse van 'n huweliksmaat waarskynlik die belangrikste besluit in jou lewe.
- Vra jou ouers om ook vir jou oor hierdie saak te bid. Dit is ook belangrik om na jou ouers te luister. Moet nooit teen jou ouers se wil met iemand uitgaan of trou nie. Indien julle daaroor verskil, praat met hulle, vra waarom hulle daarteen gekant is en bid totdat jy en jou ouers vrede het oor wie die persoon moet wees.
- Maak 'n keuse om nie vas uit te gaan met iemand voordat jy nie weet dit is jou huweliksmaat nie. Daardie keuse maak 'n mens nie maklik nie. Moenie haastig wees nie. Baie jongmense sê: 'Hoe sal ek weet as ek nie

in ‘n vaste verhouding staan en seker maak nie?' Dit is nie die pad nie. God sal vir jou wys. Jy hoef nie self te probeer om uit te vind nie. God alleen ken die hart van ander mense en weet wie die regte persoon vir jou is.

- Dit is in orde om vriendskappe te hê. Maar hou die vriendskappe op ‘n gesonde vlak. Bly binne ‘n groep. Sorg dat jy sover moontlik altyd binne geselskap van meer as net een ander persoon van die teenoorgestelde geslag is. Moenie intieme verhoudings aanknoop nie. Moenie eers begín om hande te hou of mekaar te soen as jy nie verseker weet dit is jou huweliksmaat nie. Bly weg van elke vorm van intimiteit buite die huwelik. Onthou, wanneer jy ‘n intieme verhouding met iemand anders het en daardie persoon is nie jou lewensmaat nie, is jy besig om ‘n verhouding met ‘n ander persoon se lewensmaat te hê.
- Wanneer jy vermoed dat jy jou lewensmaat gevind het, doen dinge saam en leer mekaar ken, maar doen dit binne die beskermde konteks van ‘n vriendekring. Wanneer daar genoeg aanduidings is dat die persoon dalk jou huweliksmaat kan wees, kan julle vir beperkte periodes alleen tyd saam spandeer, maar binne al die riglyne van ‘n rein en skoon verhouding.
- Wanneer so ‘n verhouding ontwikkel, gaan na mentors wat jou kan help. Laat hierdie persoon/persone toe om moeilike vrae vir jou te vra: Is jy volwasse genoeg vir ‘n verhouding? Sien hulle van buite af dat julle by mekaar pas of sien hulle gevaartekens? Is jy aangetrokke tot die persoon op grond van sy/haar uiterlike of gaan dit oor die persoon se karakter en dat jy en die persoon ‘n diep verhouding sal kan beleef?
- Maak seker jou lewensmaat is ‘n Christen. Verstaan jy die konsekwensies dat hierdie verhouding lewenslank is? Keur jou ouers dit goed? Het jy vrede dat God dit goedkeur en dat dit Sy wil is, of probeer jy God se arm draai sodat Hy toestemming sal gee? Ondersoek jou hart biddend.
- Jongmense verwar dikwels liefde met emosies en hormone. Op ‘n jong ouderdom is ‘n mens se seksuele drang besonder sterk en kan ‘n mens maklik hierdie drange in jou liggaam vir liefde aansien. Neem ‘n vaste besluit om nie by ‘n intieme verhouding betrokke te wees voordat jy binne die huwelik is nie. Ek weet van niemand wat nog ooit daaroor spyt was nie, maar daar is letterlik honderde miljoene wat spyt is dat hulle nie gewag het nie.
- Jy het altyd ‘n keuse oor hoe jy hierdie saak wil hanteer. Dit is so belangrik dat jy reg moet kies oor hoe jy dit gaan hanteer. Jou keuse moet altyd in lyn wees met die wil van God, reinheid, respek vir jou eie liggaam en die liggaam van die ander persoon en vir die persoon self. Jy moet weet dat jou keuse, na watter kant toe ook al, gevolge het. Hier is nie ‘n middeweg nie. Maak 'n radikale keuse oor hierdie saak, al is dit moeilik of selfs belaglik vir jou vriende. Moenie ‘n goedkoop meisie wees nie. Moenie ‘n man wees wat jongmeisies se lewens vernietig, hulle harte breek en hulle maagdelikheid vernietig nie. Kies vir seks binne die huwelik. Seks buite die huwelik is sonde in die oë van God.
- Moet nooit die fout maak om te dink dat jy maar met ‘n ongeredde man of vrou kan trou en dat as die persoon eers binne die huwelik is, jy hom na die Here toe kan lei nie. Dit werk bykans nooit so uit nie.
- Liefde is nie die enigste voorwaarde vir trou nie. Die wil van God is die voorwaarde. As jy nie meer liefhet nie, geld dit nie as argument of verskoning vir die ontbinding van die huwelik nie. As jy vir liefde trou, beteken dit dat jy mag dink dat jy die huwelik kan ontbind as daar nie liefde is nie. ‘n Huwelik is in die oë van die Here ‘n permanente instelling. Vir 'n Christen is die huwelik vir ‘n leeftyd. God se bedoeling met die huwelik is om ‘n geestelike nageslag voort te bring. (**Mal.3:15**). Meeste mense verstaan nie dat God se bedoeling met die huwelik is dat daar ook ‘n geestelike nageslag voortgebring moet word nie. Vra die Here wat dit beteken en maak seker dat die man/vrou met wie jy trou, dit saam met jou wil navolg en uitleef.

Donderdag 12 November 2009

Nasionale gebedsfokus: Sokkerwêreldbeker 2010

Daar sal gefokus word op sekuriteit by alle toegangspunte tot Suid-Afrika op land, see en in die lug. Veiligheid, veral op die roetes van die lughawens na die stede, sal prioriteit geniet, en 41 000 polisielede sal ontplooi word. (Webruimte: http://www.sa2010.gov.za/safety-and-security). Bid vir die werwing en opleiding van polisiepersoneel. Bid dat veiligheidstrukture soos beplan behoorlik geïmplementeer en uitgevoer sal word.

Agtste op die Wêreldvervolgingslys 2009: Laos

Die Kerk is relatief klein maar dit groei steeds (daar is ongeveer 200 000 Gelowiges wat hoofsaaklik uit etniese minderhede bestaan). Christene word fyn dopgehou. Die regime beperk die getal 'oop' kerke en sluit gereeld kerke, veral in die landelike gebiede. Die grootste uitdagings vir die Kerk in Laos is gemeenskapsdruk op bekeerlinge wat hulle aanbidding van bose geeste prysgegee het. Alhoewel die meeste van dié wat gearresteer

is, vrygelaat is, is daar nog steeds 'n onbekende getal in aanhouding. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir die versterking van Christene in die tronk en dat hulle geleenthede sal kry om Christus aan ander te bedien. Bid ook dat die Christene getrou sal bly en Christus nie sal verloën nie. Bid derdens ook vir die geestelike, emosionele en fisiese versorging van hulle gesinne en families.

Vrydag 13 November 2009

Gebedsfokus op sending: Joseph en Edwina Charles

Prys die Here vir die gesinne, insluitend jongmense, wat gereageer het op die evangelieboodskap van redding deur middel van Joseph en Edwina se bediening by die bronnesentrum in die stad, die Goeie Nuus-klub asook evangelisasie in die groter gebied van Sukhothai in Thailand. Bid asseblief saam met hulle dat al hul dokumentasie betyds gereed sal wees sodat hulle vroeg in Januarie sal kan terugkeer na Thailand. Hulle sal in 'n nuwe gebied woon en werk en sal die leiding van die Here nodig hê oor die beste strategie om die verlorenes op 'n kultureel relevante wyse te bereik. (Joseph en Edwina Charles, Leon Court 20, Sydney-straat, Bellville, 7530. E-pos: jecharles2003@yahoo.com).

Negende op die Wêreldvervolgingslys 2009: Eritrea

Eritrea is nuut in die top tien van die Wêreldvervolgingslys. Die Eritrese regering beperk die godsdiensvryheid van ongeregistreerde groepe en skend ook die regte van geregistreerde groepe. Enigeen wat betrap word waar hulle buite kerkgeboue aanbid, selfs in private huise, is onderworpe aan arrestasie, marteling en groot druk om hulle geloof af te sweer. Onlangs is bykans 3 000 Christene in die tronk aangehou as gevolg van hulle geloofsoortuiging. Baie van hulle het in aanhouding gebly by polisiestasies, militêre kampe, in metaalskeepsvraghouers en tronke regoor Eritrea. Party het gesterf as gevolg van die haglike omstandighede in tronke en ook van uiterste marteling. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid asseblief vir die wat gemartel word as gevolg van hulle geloof. Bid dat hulle aan Christus getrou sal bly en dat hulle getuienis die harte van hulle vervolgers sal aanraak en verander.

Saterdag 14 November 2009

Gebedsfokus op sending: *World Mission Centre* (WMC)

Die visie van hierdie Suid-Afrikaans gebaseerde organisasie se *Live School* bediening is om een miljoen Christenwerkers op te lei met spesiale klem op persone wat in gebiede woon waar daar geen geleentheid tot sendingopleiding bestaan nie. Die Swahili skool se bekendstelling vind hierdie maand plaas. Bid vir die *World Mission Centre* se personeel wat na Tanzanië gaan reis. Bid dat die kerkleiers ook die skool sal bywoon en so deel sal word van die opleiding van sendelinge in hulle eie land. (*Live School*. Posbus 35545, Menlopark, 0102. Tel.: +27 12 343 1165, faks: +27 12 343 1167. Webruimte: www.liveschool.org of e-pos: info@liveschool.org).

Lande waar vervolging toegeneem het: Irak

Die Christenminderheid in Irak het in 2008 onder baie geweld gebuk gegaan. Die jaar het met 'n reeks bomontploffings begin wat sewe Irakese kerke beskadig het. Baie Irakese beskou die Weste oor die algemeen as Christelik. Om "Christelike geloof" op jou ID te hê, is voldoende om jou te laat doodmaak. Die geweld het honderde duisende Irakese, Moslems sowel as Christene, genoodsaak om die land te verlaat, en baie is weggedryf na ander gebiede, veral na Koerdistan. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid dat die Here die wat gesinslede verloor het, emosioneel sal genees. Bid dat hulle in staat sal wees om hulle vervolgers te vergewe en om te getuig van God se liefde.

Sondag 15 November 2009

Sake van die hart: Skeur die hart, nie die klere nie

In die Bybelse tye sou mense hulle klere geskeur het en as op hulle koppe gestrooi het om aan te toon dat hulle rou. Joël doen 'n beroep op ons om ons harte in plaas van ons klere te skeur en terug te keer na die Here. *Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep* (**Joël 2:13**). Ons maak 'n fout as ons dink dat God in Sy barmhartigheid en genade ons sal toelaat om aan te hou doen wat ons wil doen. Maar Hy herroep net Sy straf op die kwaad wanneer Sy vereistes nagekom word. Dit is wanneer ons ons harte (innerlike) moet skeur en nie ons klere nie ('n uiterlike vertoon van berou). Hy verwag 'n heelhartige terugkeer na Sy weë, op Sy voorwaardes, dan eers sal daar vergifnis en kwytskelding van ons sondes wees.

Vader vergewe my dat ek dikwels eerder my "klere" skeur i.p.v. my hart. Vader, ek bely dat alhoewel ek mense vergewe en dit met my mond verklaar, dit nie altyd heelhartig is nie. Soms hou ek steeds dinge teen hulle. Leer my asseblief hoe om ander te vergewe. Help my ook om te verstaan dat U 'n heilige God is en hoe om my eie weë (denke, gesindheid, optrede) in elke opsig na U weë te verander.

Maandag 16 November 2009

Gebedsfokus op redding: Skoenherstelwerk

Daar word dikwels wonderwerke, in plaas van herstelwerk, verwag van mense wat skoene herstel. Hulle werk in die kleinste moontlike winkels met masjiene wat die grootste lawaai maak. Hulle werk is vuil en gaan gepaard met slegte reuke. Bid asseblief vir die mense wat skoenherstelwerk doen, dat hulle Christus, deur die optrede van hulle klante, tydens hulle daaglikse arbeid sal ontmoet. Bid dat hulle kliënte hulle met die goedheid van God sal bedien. Vra ook dat hulle hulle harte sal oopmaak om Jesus te ontmoet.

Tiende op die Wêreldvervolgingslys 2009: Oesbekistan

Aktiwiteite soos om mense tot bekering op te roep, die invoer van godsdienstige materiaal asook die aanbied van private godsdiensonderrig word verbied of deur die wet aan bande gelê. In 2008 is geen nuwe kerke deur die regering geregistreer nie; en baie kerke was verplig om ondergronds te gaan. Onlangs is 'n televisieprogram by herhaling vertoon waarin Christene as buitengewoon negatief voorgestel word. Mediaveldtogte teen Christene kom nou meer dikwels voor en is ook aggressiewer. Christene word gedreig en gedwing om hulle huise te verlaat. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid dat die waarheid oor Christene raakgesien sal word wanneer ander mense met hulle in aanraking kom. Bid dat hierdie Christene die liefde van Christus te alle tye sal uitleef en dat 24-7 gebedswake gevestig sal word om vir deurbrake in hulle land te bid.

Dinsdag 17 November 2009

Gebedsfokus op *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid asseblief vir elke personeellid in die land wat in die verskillende kantore van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* werk. Bid vir hulle huwelike, kinders, veiligheid, krag, gesondheid en versorging. Dank die Here vir al die materiaal wat vertaal, gedruk, gepos en doeltreffend versprei word. Dank die Here vir die ondersteuning wat Hy aan ons gegee het om te doen wat Hy ons opgelê het. Onthou om in die komende week vir die versending van die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids* te bid. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk,* Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Lande waar vervolging afgeneem het: Bhoetan

Die Christelike godsdiens bestaan nie amptelik in Bhoetan nie. Christene word nie toegelaat om in die openbaar te bid of fees te vier nie. Christene kan as 'n gesin bymekaarkom, maar nie saam met ander Christengesinne nie. Sendelinge kry nie visums om die land te besoek nie. Christene se kinders word in skole toegelaat, maar soms word daar teen hulle gediskrimineer as hulle geloof bekend raak en konstante druk word toegepas om hulle te oorreed om Boeddhistiese godsdienstige feeste by te woon. In 2008 is daar vir die eerste keer verkiesings vir die parlement gehou met 'n nuwe grondwet wat groter godsdiensvryheid waarborg. 'n Nuwe koning is ook gekroon. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid dat Christene meer vriende onder Boeddhiste sal maak om sodoende die evangelie met hulle te kan deel. Bid dat Christenkinders die wysheid sal hê om hulle geloof uit te lewe en ook ander kinders sal beïnvloed om die Here te vind.

Woensdag 18 November 2009

Gebedsfokus op misdaad in Suid-Afrika

Volgens die *Suid-Afrikaanse Polisiediens* se 2007/8 syfers begaan ongeveer 136 uit 100 000 Suid-Afrikaners 'n kommersiële oortreding wat met besigheid verband hou. (Webruimte: http://www.saps.gov.za/). Hierdie syfers berus net op aangemelde oortredings. Bid vir almal wat in Suid-Afrika werk, dat elkeen duidelik sal kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is en die versoeking om oneerlik te wees, sal weerstaan.

Lande waar vervolging toegeneem het: Sjina
Sjina bly 'n land met vele teenstrydighede. Grensbeheer was baie streng tydens die *Olimpiese Spele* in 2008. Die visums van baie buitelanders (veral diegene met 'n sending-agtergrond) is nie hernu nadat dit verval het nie en hulle is gedwing om na hulle eie lande terug te gaan. Tog staan die Kerk in Sjina sterk. In die afgelope jaar het die regering huiskerke gesluit en Christene gearresteer en aangerand. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir al hierdie sake, veral vir die sendelinge wat die land moes verlaat. Bid dat die Sjinese kerk nieteenstaande terugslae sal groei.

Donderdag 19 November 2009
Gebedsfokus op *Transwêreld Radio (TWR)*
Projek Hannah fokus daarop om vroue daarvan bewus te maak dat die Here altyd naby is ten spyte van moeilike omstandighede. Bid vir die projekleiers en personeel van *TWR.* Bid veral vir deurbrake in Mosambiek waar nuwe toerusting dringend benodig word. Dank die Here vir Sy voorsiening en die doeltreffende verspreiding van die evangelieboodskap deur die radiostasies in Afrika. Bid dat meer luisteraars sal inskakel en dat die mense wat die programme aanbied, deur die Heilige Gees geïnspireer sal word. (*Transwêreld Radio*, Privaatsak 987, Pretoria, 0001. Tel.: +27 11 974 2886, sel: +27 84 512 9098, faks: 27 86 567 8029. Webruimte: www.twr.org.za of e-pos: bbooyens@twr.org.za).

Lande waar vervolging toegeneem het: Toerkmenistan
Die aantal Christene wat as gevolg van hulle geloof in hegtenis geneem is en of in die tronk, strafkampe of psigiatriese hospitale gestop is, was minder as die vorige jaar. Nogtans het die situasie van Christene in Toerkmenistan oor die algemeen nie baie verander nie. In die kleiner stede en dorpies moet die Christenleiers weekliks by die polisiestasie aanmeld vir 'n "geselsie". Hulle word nie by die stasie gehou nie en word toegelaat om nog dieselfde dag te vertrek. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid dat Christene wat deur polisie ondervra word, wysheid sal ontvang. Bid dat hulle die guns van die polisieamptenare sal wen sodat hulle bondgenote sal word om die evangelie te versprei.

Vrydag 20 November 2009
Gebedsfokus op dissipelskap: *Precept Ministries*
Precept Ministries is 'n bediening wat deur God tot stand gebring is om mense m.b.t. die bestudering van die Bybel toe te rus. Dit dien ook as 'n hulpbron en ondersteuning vir die plaaslike kerk. Bid dat die Here meer geleenthede sal gee waar hierdie bediening, in vennootskap met plaaslike leraars, mense regoor Afrika dissipels van Christus sal maak deur in-diepte studie van die Bybel. (*Precept Ministries SA*, Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel./faks: 021 531 1836. Webruimte: www.precept.org.za of e-pos: info@precept.org.za).

Lande waar vervolging afgeneem het: Viëtnam
Minder Gelowiges is hierdie jaar in Viëtnam vervolg. Gelowiges het ook minder diskriminasie by die skool en die werk ervaar. Dit lyk of die verbeterings van verlede jaar oor die algemeen steeds bestaan, maar dit is nie vanjaar verder uitgebrei nie. Dis asof daar 'n onsigbare grens bestaan wat die regering nie sal toelaat dat dit oorgesteek word nie. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Dank die Here vir die deurbrake wat gerapporteer is en vir antwoorde op gebede. Bid vir verdere geleenthede om vir Christus te getuig en vir oop harte en ore.

Saterdag 21 November 2009
Gebedsfokus op kinders: Kinderbediening vorder
Petra Kollege vier vanjaar hulle 20ste bestaansjaar. Dank die Here vir die beantwoording van soveel gebede deur die jare. Hou aan om vir die kursus vir mentors in *Kinderbediening* te bid wat in Maart-Mei 2010 aangebied sal word; ook vir die voorsiening en aanstelling van strategiese leierskap. Bid ook vir hulle waar hulle nuwe opleidingsprogramme by die *Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO)* moet registreer; vir die voorbereiding van dokumentasie en so meer. Bid ook vir guns en die samewerking van tersiêre instellings om kinderbediening in hulle kurrikulums in te sluit. (*Petra Kollege,* Privaatsak X9906, Witrivier, 1240. Tel.: 013 751 1166, faks: 013 750 0906, sel: 082 446 2274 of e-pos: info@petra.co.za).

Lande waar vervolging toegeneem het: Mauritanië
Die Islamitiese republiek van Mauritanië verminder godsdiensvryheid deur beperkings te plaas op die evangelisering van Moslems en die verspreiding van nie-Islamitiese godsdienstige materiaal, hoewel die private besit van dergelike materiaal nie verbied word nie. Die vonnis as Islam verlaat word, is die doodstraf. Net soos in die vorige jaar het die vervolging in Mauritanië in 2008 aansienlik toegeneem. Die Mauritaniërs beeld die Christendom uit as 'n bose beweging wat aangeval moet word. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Dra hierdie situasie aan die Here op; bid dat Sy lig sal deurbreek in die harte en gedagtes van mense, spesifiek van die Islamitiese leiers van die nasie. Bid dat die Christene met gebed en vas sal volhard vir deurbrake in hulle land.

Sondag 22 November 2009
Sake van die hart: Hoe om die Here te behaag
Ons dade weerspieël gewoonlik dit wat in ons harte aan die gang is. Niemand se optrede is volkome afgesny van die gesindhede in hulle harte nie. In **Sagaria 7:9-10,** praat God met die gewone mense en deel hulle mee wat die regte dinge is om te doen: *Laat reg geskied teenoor alle mense en bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar*. In vers 10 sê Hy wat hulle NIE moet doen nie: *moenie weduwees, weeskinders, tydelike inwoners en armes verdruk nie, moenie bose planne teenoor mekaar bedink nie*. Die Here sê vandag nog dieselfde vir ons. Bestee tyd saam met die Here om oor hierdie verse na te dink. Vra Hom om vir jou te wys of daar weduwees en wese binne jou bereik is aan wie jy meer barmhartigheid kan bewys. Vra Hom om vir jou te wys of daar areas in jou lewe is waar jy slegte planne teenoor iemand bedink, of hulle dit nou verdien of nie. Ons wil as Christene tog bo alles heilig voor die Here staan. Vra die Here ook vir die goeie dinge in vers 9 wat Hy wil hê in jou hart moet wees en in jou lewe moet toeneem.

Vader God, ons bely dat ons nie begryp wat dit prakties beteken om 'n rein hart voor U te hê nie! Leer my asseblief om meer sensitief vir U stem te wees en om barmhartigheid aan weduwees en wese te betoon, om suiwer en positiewe gedagtes teenoor alle mense in my lewe te koester, al is dit ook mense by wie ek op die pad verbyry.

Maandag 23 November 2009
Gebedsfokus op redding: Kelners
Skoolkinders en studente word dikwels kelners by restaurante om sodoende ekstra geld te verdien. Dikwels kan studente wat hulle kursusse op universiteit voltooi het, nie werk kry nie en dan aanvaar hulle 'n werk as kelner net om 'n inkomste te hê. Hulle werk lang ure en word dikwels nie behoorlik vergoed nie. Baie van hulle leef net van die fooitjies wat hulle kry. Bid dat Gelowiges wat restaurante besoek, sensitief vir die Heilige Gees sal wees en op 'n vriendelike manier die kelners sal lei om hulle vertroue op die Here te plaas.

Lande waar vervolging afgeneem het: Azerbaidjan
Daar is vanjaar geen Christene in Azerbaidjan in die tronk opgesluit of in 'n strafkamp geplaas nie. Daar is ook minder Christene in hegtenis geneem. Die getal klopjagte op kerke wat nie by die regering geregistreer was nie, het egter toegeneem. Daar word ook by die werk teen Christene gediskrimineer op grond van hulle geloof. In die hoofstad, Baku, is teistering deur die regering nie so erg as in die afgeleë distrikte nie. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir die Christene in Azerbaidjan, dat hulle die Here sal aanroep vir deurbrake in hulle land. Vra dat hulle getrou sal wees om die evangelie te verkondig nieteenstaande hulle omstandighede.

Dinsdag 24 November 2009
Gebedsfokus op misdaad: KwaZulu-Natal
KwaZulu-Natal het die hoogste syfer van onaangemelde geweldsmisdaad, met 57% van die slagoffers van geweldsmisdaad wat nie die gebeure by die polisie aangemeld het nie (Eighty20 Fact-a-Day. Webruimte: http://www.eighty20.co.za of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za). Dra hierdie situasie in KwaZulu-Natal en al die ander provinsies in gebed aan die Here op. Bid dat Sy geregtigheid sal deurbreek in die harte en gedagtes van misdadigers, en vir herstel en genesing van diegene wat slagoffers was van die misdaad in ons land.

Lande waar vervolging afgeneem het: Soedan (Noord)
Die vervolging van Christene in Noord-Soedan het die afgelope jaar begin afneem. Soedan se presidensiële en parlementêre verkiesings gaan vanaf 6-21 Februarie 2010 plaasvind, aan die einde van 'n oorgangsperiode wat begin het toe die dekade lange Soedannese burgeroorlog aan die begin van 2005 finaal beëindig is. Die regerende *Nasionale Kongresparty* beoog om stemme te werf deur die verslapping van beperkings op Christene in die noorde. Daar was in die afgelope jaar geen verslae oor Christene wat vermoor of ontvoer is as gevolg van hulle geloof nie en geen kerke is in 2008 aangeval nie. Moslems in die Noorde wat belangstelling in die Christelike geloof getoon het, is nietemin onder sterk druk geplaas om nie van geloof te verander nie. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/ en http://en.wikipedia.org/wiki/Sudanese_general_election,_2009). Bid dat nuwe Gelowiges in hulle geloof sal groei. Dank die Here vir die deurbrake en bid vir guns dat Gelowiges binnekort hulle geloof openlik sal kan uitleef.

Kinders wat bid: Bid vir ateïste

Baie mense wat nie godsdienstig is nie, worstel omdat hulle nie 'n doel in die lewe kan vind nie. Sal jy nie net 5 dae spandeer om te bid vir mense wat glo God bestaan nie?

1. **Maak hulle oë oop!** Al is hulle nie Christene nie, glo byna 85% van die mense in die wêreld in een of ander soort god. Party aanbid die maan of die sterre, plante of diere. Maar na skatting glo 938 miljoen mense in die wêreld glad nie in God of in 'n god nie! Hulle word ongelowig genoem. Lees: **Romeine 1:20** en bid: *Vader, sal U uself aan ongelowiges openbaar as die Een wat hulle geskape het!*
2. **Raak hulle harte aan!** Daar is drie tipes ongelowiges. Ateïste glo nie God is 'n werklikheid nie. 'n Agnostikus dink 'n mens kan nie seker weet of God 'n werklikheid is nie. Die derde groep gee nie regtig om of God 'n werklikheid is of nie. Lees: **Handelinge 17:26-28** en bid*: Ewige Vader, help ongelowiges om te besef dat U die leegheid in hulle harte kan vul.*
3. **Laat hulle weet dat U alles gemaak het!** Ongelowiges bid nie en glo nie in wonderwerke, die hemel of die hel nie. Hulle dink die wêreld het toevallig ontstaan. Lees **Matteus 13:22** en **Openbaring 3:17-18** en bid: *Wonderlike Verlosser, help ongelowiges om te sien dat die waarheid en ware rykdom net in U gevind kan word.*
4. **Laat hulle hoor!** Ongelowiges kyk dikwels na die lewens van Christene en dit lyk nie vir hulle enigsins anders as hulle eie lewens nie. Dit laat hulle dink hulle is nie slegter daaraan toe sonder God nie. Lees **Daniël 6:20** en bid: *Vader God, U is die enigste lewende God. Soos Daniël vir die heidense koning gewys het dat U leef, wys asseblief vir ongelowiges deur die getuienis van Gelowiges dat U leef.*
5. **Help hulle om te sien dat U 'n werklikheid is!** Vir ongelowiges is die Bybel maar net nog 'n boek. Maar baie het dit nog nooit eers oorweeg om die Bybel op te tel om dit te lees nie of het selfs nog nooit gehoor van die bestaan van die Bybel nie. Lees **Lukas 4:4** en bid: *Vader, U is die lewende Woord. Help asseblief ongelowiges om 'n Bybel te vind en nuuskierig genoeg te wees om dit te lees. Raak asseblief hulle harte en denke aan om te sien dat U 'n werklikheid is.*

Woensdag 25 November 2009
Gebedsfokus op die Jeug: Waar woon hulle?
Daar is 20,2 miljoen jongmense (ouderdom 0-19) in Suid-Afrika. Van hierdie groep woon slegs 34% by hulle pa en ma. (GHS 2007) (*Eighty 20 Fact-a-Day*. Webruimte: http://www.eighty20.co.za of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za). Dra gebroke gesinne aan die Here op. Bid dat ouers in staat sal wees om hulle kinders fisies en emosioneel te versorg en bid dat kinders veilige huise sal hê waar hulle versorg en beskerm kan word. Bid veral vir jongmense wat op straat woon of pasgebore babas wat op straat gelos word, dat hulle 'n toevlug by Christengesinne en instansies kan vind.

Lande waar vervolging afgeneem het: Zanzibar-eilande
Daar was effens meer vryheid vir die Kerk in 2008 vergeleke met 2007, met geen berigte oor Christene wat in die tronk gestop, ontvoer of fisies kwaad aangedoen is weens hulle geloof nie. Geen kerke is ook aangeval nie. Die Zanzibar-eilande het hulle eie regering en funksioneer outonoom, alhoewel hulle in die Tanzaniese parlement verteenwoordig is. Waar Tanzanië op die vasteland hoofsaaklik Christelik is en die grondwet godsdiensvryheid verleen, is 97% van Zanzibar se bevolking Moslems, wat 'n baie aktiewe ekstremistiese element insluit. Die Kerk in Zanzibar het probleme met die owerheid se registrasie van kerke, die aankoop van eiendom, onderwys en

indiensneming. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid dat die Kerk krag sal hê om hulle daaglikse probleme die hoof te bied. Bid dat die Gelowiges spesiale geleenthede vir gebed en vas sal reël vir deurbrake in hulle land.

Donderdag 26 November 2009

Gebedsfokus op gesondheid: Depressie besig om toe te neem

Die *SA Depressie en Angsgroep* (*SA Depression and Anxiety Group/Sadag*) berig dat ongeveer 16,5% van Suid-Afrikaners aan algemene geestesongesteldhede soos depressie en angs ly. Een uit elke drie vroue in die lae-inkomste- en informele woongebiede om Kaapstad ly aan nageboortelike depressie. (Geestesgesondheid- en Armoedeprojek/Mental Health and Poverty Project (MHaPP), 2008, van die Universiteit van Kaapstad. Webruimte: http://news.iafrica.com/sa/1410194.htm). Dra elke persoon wat aan depressie ly, aan die Here op. Bid dat hulle die Here in hulle lewens sal toelaat en dat hulle bevry sal word van depressie en in staat sal wees om gelukkige en sinvolle lewens te lei.

Lande waar vervolging afgeneem het: Kuba

Dit wil voorkom of die ergste godsdienstige vervolging in Kuba agter die rug is. Nogtans duur subtiele vorme van "vervolging" voort, soos beheer deur die samelewing en die feit dat hulle dopgehou word. Christene kan hulle nog steeds nie oor sake van nasionale belang uitspreek nie. Al die denominasies ervaar groei in die getal Gelowiges en gemeentes, wat tot gevolg het dat groot behoeftes in die Kerk ontstaan. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir die Kerk in Kuba, dat hulle hulle op gebed sal toelê en self vir God sal vra vir deurbrake in hulle land. Dank die Here dat Hy die gebede vir hierdie nasie verhoor het.

Vrydag 27 November 2009

Gebedsfokus op die ekonomie: Onwettige visvang

Die *Instituut vir Veiligheidstudies* het bevind dat onwettige visvang in Suid-Afrikaanse waters ongeveer R6 miljard per jaar beloop. Die stokvisbedryf, wat ongeveer die helfte van die inkomste uitmaak wat deur kommersiële visserye gegenereer word, verkeer ook in 'n krisis. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=14&art_id=vn20090413071628744C652984). Bid vir praktiese oplossings vir hierdie probleem en dat die regering dit binnekort sal aanpak en blywende oplossings daarvoor sal vind. Bid ook dat daar nie werksverliese sal wees vir diegene wat in hierdie bedryf is nie.

Lande waar vervolging afgeneem het: Turkye

'n Goeie Turkse burger is 'n Moslem en praat Turks; enige afwyking hiervan word met vyandigheid bejeën en bewerings dat Turkskap beledig word ('n oortreding kragtens Turkse wet), word dan maklik gemaak. Hierdie situasie het verreikende gevolge vir etniese en godsdienstige minderhede – hulle word onderdruk en beperk. Hierdie jaar was daar geen berigte uit Turkye dat Christene in tronke gegooi en vermoor is nie, maar daar was ook nie enige noemenswaardige groei in Turkye nie. Die openbare mening is uiters nasionalisties. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir hierdie situasie. Bid dat Gelowiges strategies sal begin bid vir spesifieke deurbrake in die land.

Saterdag 28 November 2009

***Highway Ministry* gebedspatrollie**

Highway Ministry is 'n interkerklike bediening wat gerig is op die vragmotor- en taxi-bedryf. Hulle missie is om die Woord aan alle padgebruikers te verkondig en harte met die liefde van Jesus Christus vir Hom te wen. Bid dat hulle suksesvol sal wees met hulle uitreik na alle padgebruikers in Suid-Afrika. Bid ook vir guns om Christus aan ander rolspelers te verkondig waar die organisasie poog om te skakel met bestaande programme soos *Arrive Alive.* (*Highway Ministry*. Tel.: 016 349 1996, faks: 086 502 8441 of e-pos: highwaymin@lantic.net).

Lande waar vervolging toegeneem het: Algerië

In 2006 is 'n wet in Algerië ingestel en in 2008 ten volle in werking gestel wat pogings om Moslems tot 'n ander geloof te bekeer, verbied. Dit gee die regering ook die reg om alle aspekte van die Christelike geloofsbeoefening te reguleer. Aangesien feitlik alle Algerynse Gelowiges bekeerlinge uit Islam is, kan die nuwe wet geïnterpreteer word dat byna alle Christelike kerke in die land onwettig is. Gedurende 2008 het 26 kerke bevel gekry om hulle

deure te sluit. 10 Christene is gearresteer (die meeste van hulle was in besit van Christelike boeke of die Bybel) en ondervra en sommige is opgeskorte tronkstraf en boetes opgelê. Op hierdie manier plaas die owerhede druk op Christene om terug te keer na Islam. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir standvastigheid onder die Algerynse Christene en dat hulle hulle tot gebed en vas sal wend om 'n deurbraak vir die evangelie in die land te maak.

Sondag 29 November 2009

Sake van die hart

Dit is baie moeilik om dit te verwerk as dit bekend word dat 'n predikant of iemand naby jou hulle huweliksmaat verkul, veral as die betrokke party onwillig is om te erken dat wat hulle gedoen het, werklik verkeerd is. Ons natuurlike reaksie is gewoonlik om in hulle afwesigheid hulle goed uit te trap. Daar is 'n Skrifgedeelte wat dit duidelik stel, naamlik **Psalm 4:5-6:** *As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daaroor na as jy gaan lê, en laat dit daarby … en julle moet op die Here vertrou.* Dit is nie maklik om dit te aanvaar nie, maar dit is werklik wys. Dit wil nie sê dat ons nie met 'n persoon wat sondig moet praat nie, maar dit gee vir ons riglyne oor hoe om dit te doen. Uiteindelik kan net die Here so 'n situasie herstel. Selfs nie ons opregste woorde kan die hart genees van 'n persoon wat deur so 'n verwoesting getref is nie. As ander, veral persone na aan ons, sondig, het ons die verantwoordelikheid om oor ons harte te waak, sodat ons nie self sal sondig nie. Neem die aangeleentheid herhaaldelik na die Here en praat met Hom oor elke detail wat jou hart pla. Hy is die beste Persoon om hierdie saak te hanteer!

Vader, U is 'n regverdige regter. Vergewe my vir die kere wat ek mense aangeval het omdat ek ontsteld was oor hulle optrede. Vergewe my dat ek toe nagelaat het om raad te gee wat van U af kom of om hulle te help om tussen reg en verkeerd te onderskei, soos 'n vader met sy seun sou doen. Help my, Here, om soos U te wees. Help my om die waarheid te spreek volgens U hart, en om met U te praat oor alles wat in my hart is. In Jesus Naam vra ons dat U 'n einde sal bring aan die geweld van egskeiding in ons Christengesinne sodat U Naam geëer kan word deur Christene wat godvrugtig lewe.

Gebedsvermenigvuldiging: Bid vir ander en God voorsien weer mense wat vir jou bid!

Die volgende is 'n storie uit Benin: Na ons opname op nasionale vlak (in Benin), het ek besluit om my strategie te verander. In plaas van om gebedsvennote te soek, het ek besluit om te bid. Ek het mense gekontak en vir hulle begin bid in plaas van om vir hulle te vra om vir my te bid. Dit het ontwikkel in 'n patroon waarin ek elke maand op 'n daaglikse basis vir 30 verskillende mense gebid het. Op die eerste dag van elke maand bid ek vir dieselfde persoon. Op die tweede dag van die maand bid ek vir iemand anders en so hou ek aan deur die maand. Dit beteken dat ek vir 30 mense elke maand bid. Waar moontlik bid ek vir hulle persoonlik of oor die telefoon. As dit nie moontlik is nie, stuur ek 'n SMS of e-pos met my gebed vir elkeen van hulle. Die resultaat hiervan was dat 30 mense op my gebede gereageer het deur vir my te begin bid. Soos ek met hulle oor die metode gepraat het, het ek hulle aangemoedig om vir 29 ander mense te bid op die dae waarop hulle nie vir my gebid het nie. In een so 'n siklus beweeg die gebedsnetwerk dan van 30 tot 900 bidders. Ons stuur gebedsversoeke heen en weer oor die netwerk. Ons moedig alle deelnemers aan om 30 mense te vind saam met wie hulle elke maand kan bid. Na 3 siklusse is daar 27 000 (30 X 300 = 900 en 900 X 30 = 27 000) mense in die gebedsnetwerk. As die proses slegs 10% effektief is, sal daar 2 700 mense wees wat bid! (Bron: Sossa Claude, e-pos: sossa2@yahoo.fr).

Maandag 30 November 2009

Gebedsfokus op redding: Sekuriteitswagte

Hulle is oral, op parkeerterreine, by winkelsentrums, banke ens. Hulle moet dikwels nagskof werk en in bittere koue en reën steeds wagstaan. Ander verduur daagliks die hitte van die dag. Bid asseblief dat Christene die veiligheidswagte sal respekteer en bedien met praktiese dade van vriendelikheid en behulpsaamheid. Bid dat dit daartoe sal lei dat baie van hulle Christus sal aanneem.

Lande waar vervolging afgeneem het: Colombia

Namate guerrillagroepe in verskillende gebiede inbeweeg en die beheer oorgeneem het, het die graad van vervolging ooreengestem met die guerillaleiers se persepsie van die invloed van die Kerk. Party het die kerke toegelaat om te funksioneer, ander het hulle funksionering beperk en nog ander het dit verbied, sodat leraars,

kerkleiers en gemeentelede ernstige gevolge te wagte kon wees indien hulle sou voortgaan om openlik as Christene te lewe. Daar was vanjaar minder berigte oor die vervolging van Christene in Colombia. As gevolg hiervan het hierdie land van die WWL-lys verdwyn! (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Dank die Here hiervoor! Bid dat die Kerk in Colombia nie sal ophou om te evangeliseer nie, maar hulle geleenthede sal gebruik om Christus te verkondig.

Dinsdag 1 Desember 2009

Gebedsfokus op wêreldgesondheid: Wêreldvigsdag 2009

Die fokus van Wêreldvigsdag 2009 is om 'n beroep te doen op regerings, beleidmakers en streeksgesondheidsowerhede om teen 2010 die vele doelwitte te bereik wat in die stryd teen MIV/VIGS gestel is. (Webruimte: http://www.avert.org/worldaid.htm). Bid asseblief dat alle sektore van die samelewing soos gesinne, plaaslike gemeenskappe en burgerlike verenigings – en nie slegs regerings nie – inisiatief en leiding met betrekking tot VIGS sal neem. Bid dat die Kerk sy posisie sal inneem in ooreenstemming met God se bedoelings.

Taalnavorsers benodig: Nigerië

Nigerië is 'n groot land met meer as 300 tale wat 'n Bybelvertaling nodig het. Daar is altyd 'n tekort aan taalnavorsers. Bid dat die mense wat in hierdie veld werk, meer navorsers sal kan werf en oplei. Loof die Here dat meer en meer Nigeriërs geroepe voel om diens aan hulle eie mense te lewer, deur o.a. Bybelvertaling en taalnavorsing. Vra dat God jong, gekwalifiseerde taalkenners 'n groeiende visie van die nood vir taalnavorsing sal gee. (Barry en Kathy Marais. Webruimte: www.wycliffe.net of e-pos: mailto:Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Woensdag 2 Desember 2009

Every Home for Christ South Africa (EHCSA)

Every Home for Christ (EHCSA) het sedert 1953 meer as 3 miljard stukke literatuur wêreldwyd versprei. Tot op datum het bykans 72 miljoen mense Jesus Christus as hulle Here en Verlosser aangeneem deur middel van die uitreike van hierdie bediening. In Suid-Afrika het *Every Home for Christ* opvolgmateriaal gratis beskikbaar gestel om jong Christene in hulle verhouding met God te ondersteun en te vestig. Bid saam met ons dat gemeentes die verantwoordelikheid vir die geestelike groei van nuwe Christene sal opneem sodat hulle volwasse lede van die Liggaam van Christus sal word. (*EHCSA*, Posbus 7256, Centurion 0046. Tel.: 012 663 4587; webruimte: www.ehcsa.co.za of e-pos: info@ehcsa.co.za).

Gebedsfokus op sendingwerk: Rusland

Kingfisher Mobilising Centre is besig om 'n inheemse beweging in die Russiessprekende wêreld tot stand te bring wat individue en kerke mobiliseer om by sendingwerk betrokke te raak. Bid vir die Suid-Afrikaanse sendelinge, Johann en Annalena Theron, wat in die Oekraïne aan hierdie projek werk. Bid dat die Russe eienaarskap sal neem van hierdie beweging en dat nuwe deure na elk van die 15 republieke van die voormalige Sowjetunie sal oopgaan (*Kingfisher Mobilising Centre*. Johann Theron, e-pos: jtheron@xsinet.co.za).